Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

## LIEF & LEED:

- Nico du Plessis sterk aan na ‘n knie vervanging.
- Petro Oosthuizen sterk aan na ‘n skouer operasie.
- Karlien Williams sterk aan na weke in die hospitaal as gevolg van haar skildklier.
- Johan le Roux is aangestel as die hoof van laerskool Brentwoodpark.
- Anna-Mart Viljoen het tydens Hoërskool Kempton Park se Interhuis presteer. Beste snr baanatleet en ook snr victrix ludorum.

## AANKONDIGINGS:

## KLOK:

Ons is almal hier tesaam vergader in sy Naam, verheerlik Hom. Tot die dood was Hy getrou en daardeur is ons nou sy eiendom. Kom ons leef soos wat Hy vra en leer om te verdra en liefde na te streef. Loof Hom, Christus, die Heer.

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

TOETREDE:

GESANG 151: 1-2: Skenk ons, Here, u beskerming en ontferming. Bring ons, Here, tot bekering deur u lering; gee ons insig deur u Gees.

VOTUM:

Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van u af. ‘n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi (Psalm 16: 5-8).

SEËN:

Die Here dink aan ons. Sy genade sal by ons wees (Kolossense 4: 18).

LOFSANG:

Gesang 182: 1-3 ~ Ons kniel en buig, aanbid en juig, verlostes, hier vergader.

GELOOFSBELYDENIS:

Tydens ‘n vorige Algemene Kerkvergadering het die Hervormde Kerk ‘n belydenis na buite toe gemaak. Kom

ek lees dit vir ons en dan spreek elkeen soos volg in hulle hart.

Ons het laas Sondag die hele belydenis gelees, en miskien was dit bietjie te veel op ‘n slag. Oor die volgende paar Sondae sal ons dié belydenis stukkie vir stukkie hanteer.

Ons is daarvan oortuig dat die uitdagings van ons tyd nie bepalend vir die wese van die Kerk kan wees nie. Die wese van die kerk word bepaal deur God Drie-enig.

Ons leef tussen die koms en die wederkoms van die Here. Die kerk is soos 'n bruid wat wag op haar Bruidegom, 'n eskatologiese gemeenskap op reis na die nuwe Jerusalem. Hierdie wêreld is nie die finale werklikheid nie. Daarom verkondig ons aan die wêreld dat net Jesus Christus hoop vir die toekoms bied.
Amen.

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

GEBED:

Gesang 254 ~ Spreek Heer, spreek Heer, want u kinders luister.

PREEK:

Laas Sondag het ons tydens die erediens met mekaar saam gepraat oor die kritiese belang van verhoudings. Ons het gepraat oor God se getroue verhouding met die sondaar mens (met my en jou), ons verhouding met God, ons verhouding met onsself en ook ons verhouding met al die mense wat God daagliks op ons radarskerm sit. Ons het besef dat kerngesonde verhoudings bring sin en betekenis in die lewe. Ware goeie verhoudings bring opregte vreugde en vrede in 'n mens se lewe.

Vandag staan ons steeds op die drumpel van 2025. Die jaar lê uitgestrek voor ons. Hoe nou? In die boek Eksodus het die volk Israel ook voor 'n nuwe uitdaging te staan gekom. Hulle het ook die vraag gevra: hoe nou gemaak om vorentoe te beweeg?

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

So terloops die woord Eksodus is afgelei van die Griekse en Latynse name wat uittog beteken. Dit gaan tog immers hier oor die volk Israel se uittog uit Egipte.

Eksodus is die tweede boek in die Ou Testament en vorm deel van die Pentateug. Pentateug is ‘n versamelnaam vir die eerste vyf boeke van die Bybel, naamlik Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium.

Vroeër is algemeen aanvaar dat Moses die skrywer was. Dit is egter duidelik dat die boek oor ‘n langer tydperk ontstaan het. Die finale werk aan die boek is waarskynlik gedoen deur priesters gedurende die Babiloniese ballingskap van 586-539 vC. Die boek is dus jare na die uittog uit Egipte eers klaar gemaak.

Die eerste lesers van die volledige boek, soos ons hom vandag meestal ken, was vermoedelik priestergroepe in die Babiloniese ballingskap. Na die ballingskap het Eksodus ‘n baie belangrike rol gespeel by die heropbou

van die tempel in Jerusalem en die inrigting van die godsdiens wat rondom die tempel gesentreer was.

Nou kan ons saam lees uit hierdie besonderse boek. Uit hoofstuk 32: 1-6 en ook hoofstuk 33: 12-15. Moses en die volk Israel het uit Egipte getrek op pad na die beloofde land. Daar het in die loop van die veertig jaar in die woestyn geweldig baie met die volk gebeur. Hier, is ons teks vir vandag, is Moses op die berg Sinai besig om van God die twee kliptafels te ontvang. Die tien gebooie of die Wet van God soos ons dit ken. Moses, die volk se politieke en godsdienstige leier, bly langer weg as wat die volk se geduld dit kon verdra en hulle raak onrustig ... hulle begin reg in eie hande neem.

Eksodus 32: 1-6 – Die goue kalf

1Toe die volk sien dat Moses talm en nie van die berg af kom nie, het hulle om Aäron saamgedrom en vir hom gesê: “Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei. Hierdie man Moses het nou wel vir ons uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie. ”2Aäron

het hulle geantwoord: “Haal die goue oorringe van julle vrouens, julle seuns en julle dogters se ore af en bring dit vir my.” [3]Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring. [4]Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak.

Toe sê die volk: “Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!” [5]Toe Aäron dit hoor, het hy 'n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: “Môre is daar fees vir die Here!” [6]Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan.”

Eksodus 33: 12-15

“[12]Op 'n keer het Moses vir die Here gesê: “Kyk, U beveel my om met hierdie volk te trek, sonder om my mee te deel vir wie U saam met my stuur. Tog het U gesê: ‘Ek ken jou op jou naam; Ek is jou goedgesind.’ [13]As U my dan goedgesind is, maak my u wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag. Onthou tog hierdie nasie is u volk.”

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

14Toe het die Here gevra: “Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee?” 15Toe het Moses vir Hom gesê: “As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.”


Vir vandag is die kernvers uit hoofstuk drie en dertig, vers dertien: *As U my dan goedgesind is, maak my u wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag*. Ek herhaal: *As U my dan goedgesind is, maak my u wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag*.

Kom ons gaan haal die boodskap van hierdie baie ou stuk geskiedenis en bring dit in, in ons oomblik en realiteit. Soos ons reeds gesê het en weet, staan ons op die drumpel van ‘n splinternuwe jaar (2025). Hierdie jaar is deur God aan ons geskenk. Daarmee het God ‘n doel en ‘n plan. Niemand van ons weet wat hierdie jaar voorlê nie. Tog voel ‘n nuwe jaar soos ‘n nuwe begin, ons het drome, voornemens en doelwitte vir 2025.

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

Dit is goed en reg so, ons moet uitsien na die nuwe lewensjaar, ons moet drome en doelwitte hê. Die gevaar bestaan egter dat ons, soos die volk Israel, die kar voor die perde kan inspan. Ons kan maklik na 2025 kyk, drome droom en doelwitte stel EN dan vir God bid om dit te realiseer. Met ander woorde ons vra God om ons planne vir 2025 te laat waar word. Kom ons erken dit, uit ons ervaring van die verlede, dat ons hieraan skuldig is. As ons eerlik genoeg is, sal ons selfs kan erken dat ons vir God kwaad raak as Hy nie doen soos ons beplan het nie. Hoor u saam met my waar die uitdaging lê?



‘n Paar jaar gelede het ‘n bekende Teoloog, op sosiale media, ook oor hierdie tema gewonder en geskryf. Om die gesprek te stimuleer, het hy ‘n prentjie op Facebook geplaas. Die prentjie wat jy nou op die skerm sien. Die prentjie was vir hom simbolies van die gesprek.

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

Wat sou hy hiermee wou sê? Watter gedagtes maak hierdie prentjie by jou los? Hoe dra dit by tot ons verstaan van die Eksodus tekste? Wat sê dit vir ons op die drumpel van 2025?

Elkeen van ons gaan na hierdie prentjie kyk en dit van verskillende hoeke af benader. Kyk gou saam met my ... in die prentjie is ons aan die stuur van 2025, ons moet dus verantwoordelikheid aanvaar. MAAR, God is nie daar om ons te help gaan waar ons wil gaan nie. Kyk mooi na die prentjie. God is daar om vir ons te wys waarheen hy wil hê 2025 se skip moet vaar. In 2025 sal ons aan die stuur wees, maar ons behoort altyd God se aanwysings te volg. Dit gaan nie oor my planne vir 2025 nie, maar oor God se plan vir my.

Hoe weet ons wat God se plan is? Wat was God se plan vir die volk Israel? In ons teksgedeelte het die volk ongeduldig geraak met God se plan en hulle eie koppe begin volg. Hulle het God by hulle plan en ritme ingedruk en hulle het nie by God se plan en ritme ingeval nie.

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

Moses, die volk se politieke en godsdienstige leier, stel ‘n navolgenswaardige voorbeeld. Moses raak stil voor God, hy tree in gebed tot God, en hy vra: *As U my dan goedgesind is, maak my u wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag*. Dit behoort my en jou gebed aan die begin van hierdie nuwe 2025 te wees. Dit behoort die gemeente Zuurfontein se gebed te wees: ... *maak my u wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag*.

As dit ons opregte gebed is en ons wil eerlik na God se wil strewe, dan sal God getrou vir ons sy wil laat sien, hoor en voel. Dit beteken ons sal in 2025 eerlik oor hierdie bede moet wees en werklik God gefokus lewe.

Terug by ons teksgedeeltes is die volk naby Sinai. Hulle is aan die begin van die reis na die beloofde land ... ons sou kon sê aan die begin van ‘n nuwe toekoms. Dan verskyn God aan Moses met baie slegte nuus. God sê Hy gaan nie meer verder saam met die volk trek nie. Moses

was verstom, God was dan nog die heeltyd teenwoordig – hoekom wil God nou sy rug op hulle draai?

O, ja ... die goue kalf! Die volk is omgekrap want hulle het nie bedoel om ‘n ander God te dien nie, nee, hulle wou God maar net dien op hulle eie manier – soos die ander volke hulle afgode gedien het. Natuurlik het hulle die beeld van goud gemaak, simbool van respek en eerbied. Kan God dit nie insien nie?

NEE – God het raakgesien dat Israel Hom wou dien soos hulle wou. Hulle was Godsdienstig ja, maar soos dit hulle pas. Hulle wou God by hulle drome en toekomsplanne betrek ... en so vergeet hulle om te soek na God se wil, so vergeet hulle om die weg te gaan wat God wys, so vergeet hulle om in hulle godsdiens op God se wil te fokus.

Op die drumpel van 2025 wonder ons oor wat hierdie jaar vir ons voorlê. Ons het voornemens en ons het planne. Ons wonder ook wat hierdie jaar vir Zuurfontein

gemeente voorlê. Ook vir die gemeente het ons voornemens, 'n begroting en planne. Die kritiese lewensles wat ons vanmôre geleer het is om te vra is dit my voornemens, begroting en planne of is dit God se roeping, voornemens, begroting en planne?

In die jaar wat voorlê sal daar ook uitdagings, beproewing en aanvegtings wees. Ons kan dit maar vir 'n feit weet. Dit is nou vir ons persoonlik en vir die gemeente waarvan ons deel is. Wanneer die klappe van 2025 ons en ons geliefde gemeente tref moet ons uit ervaring weet ons gaan soms alleen voel. Soos die volk Israel sal ons ook dan wonder of God ons verlaat het. In die geloof moet ons dan weet dit is nie God wat ons verlaat het nie, maar ons wat God se weg (God se aanwysings) verlaat het. Dan moet ons ook nie verskonings maak soos Israel wat sê maar ons het dit vir God gedoen en ons het dit met goud gedoen nie.

Ons durf nie in 2025 maar net aan te gaan soos ons in 2024 opgehou het nie. Ons moet altyd weer opreg en

nuut vra na die wil van God. Ons moet doelbewus voor God stil word. Soms dink ons stiltetyd is wanneer ons en God stil word, sodat God kan hoor wat is my planne en hoe kan Hy dit seën en laat werk. Stilte tyd is wanneer ons stil word en na God se stem luister. Wanneer ons die jaar uitloop in die rigting wat God wys. Daarvoor sal ons God moet vertrou.

God wil hê dat ons as gestuurdes van Christus Jesus aan die begin van ‘n nuwe jaar doelwitte moet stel, voornemens moet maak; maar dit moet nie oor ons gaan nie – dit moet gaan oor die wil en weg van God.

Vrae jouself af of jy hierdie jaar al eerlik begin soek het na God se stem en wysvinger. Ongelukkig gebeur dit steeds; gestuurdes van Christus Jesus (gemeentes van God) – volg hulle eie koppe. Wel, dit is nog nie te laat nie; ons het nog tyd om dit te doen, maar ons kan nie te lank wag nie, want voor ons ons oë uitvee is 2025 ook uitgeloop.

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

Wat gaan jy intensioneel kies?

(Onthou dit is nog nie te laat nie!)

Zuurfontein Gemeente gaan kies om opnuut weer na die wil van God te luister!

Amen.

GEBED:

SLOTSANG:

Laas Sondag wou Gesang 337 nie so goed werk nie. Kom ons probeer nog ‘n Epifanie lied, Gesang 338: 1-4. Dit is op die wysie van Psalm 134, laat Heer U seën op ons daal.

DIT WAT ONS HIER ONTVANG HET

Dit wat ons hier ontvang het, gaan deel ons verder uit. Ons gee ons hele lewe uit dankbaarheid. As ons van hier af gaan, Heer, laat U ons nie alleen. U het ons reeds belowe, U sal ons seën.

Tekste: Gesang 164; 1; Psalm 16: 5-8; Kolossense 4: 18.
Fokus teks: Eksodus 32: 1-6 & 33: 12-15.
Liedere: Gesang 151: 1-2; Gesang 182: 1-3; Gesang 254; Gesang 338: 1-4; Gesang 314.

---

WEGSENDING (Seëngroet):

Here, seën ons met die voorneme en wil om u pad vir ons en ons gemeente te kies. Amen

AMEN ... Gesang 314